SA EXAM PAPERS

YOUR LEADING PAST YEAR EXAM PAPER PORTAL

Visit SA Exam Papers

www.saexampapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2020

# TOERISME

**PUNTE:** **200**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 25 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die instruksies aandagtig voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

2. ALLE vrae in AFDELING A, B, C, D en E is VERPLIGTEND.

3. Begin elke VRAAG op ŉ NUWE bladsy.

4. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

5. In VRAE 3.1, 3.2 en 3.3 moet jy jou antwoorde tot TWEE desimale plekke afrond.

6 Toon ALLE berekeninge, waar benodig.

7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Die volgende tabel is ŉ riglyn om jou te help om jou tyd volgens elke afdeling in te deel.

<table>
<tr><th>AFDELING</th><th>VRAAG</th><th>ONDERWERP</th><th>PUNTE</th><th>TYD (minute)</th></tr>
<tr><td>A</td><td>1</td><td>Kortvrae</td><td>40 punte</td><td>20 minute</td></tr>
<tr><td rowspan="2">B</td><td>2</td><td>Kaartwerk en Toerbeplanning</td><td rowspan="2">50 punte</td><td rowspan="2">50 minute</td></tr>
<tr><td>3</td><td>Buitelandse Valutaverhandeling</td></tr>
<tr><td rowspan="3">C</td><td>4</td><td>Toerisme Attraksies</td><td rowspan="3">50 punte</td><td rowspan="3">50 minute</td></tr>
<tr><td>5</td><td>Kultuur- en Erfenis Toerisme</td></tr>
<tr><td>6</td><td>Bemarking</td></tr>
<tr><td>D</td><td>7</td><td>Volhoubare en Verantwoordelike Toerisme</td><td>30 punte</td><td>30 minute</td></tr>
<tr><td rowspan="2">E</td><td>8</td><td>Plaaslike-, Streeks- en Internasionale Toerisme</td><td rowspan="2">30 punte</td><td rowspan="2">30 minute</td></tr>
<tr><td>9</td><td>Kommunikasie en Kliëntediens</td></tr>
</table>

## AFDELING A: KORTVRAE

### VRAAG 1

1.1 Vier opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.20) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.21 A.

1.1.1 Dagligbesparingstyd is ŉ praktyk waarby sekere lande hul tyd een uur … skuif.

A agtertoe gedurende die somermaande
B vorentoe gedurende die somermaande
C agtertoe gedurende die wintermaande
D vorentoe gedurende die wintermaande

1.1.2 Die jaarlikse wêreldsportgebeurtenis wat in Wimbledon in die Verenigde Koninkryk gehou word, vertoon die beste … in die wêreld.

A fietsryers
B tennisspelers
C langafstand atlete
D motorrenjaers

1.1.3 Verblyf wat vir ŉ groep oorbruggingsjaar toeriste wat in Kaapstad op ŉ beperkte begroting bly, die geskikste is.

A Cape Grace 5-ster hotel
B Flintstones Gastehuis
C Green Elephant Rugsakreisigers
D Camps Bay B&O

1.1.4 In Februarie 2020 is wêreldwye reisbeperkings deur baie lande ingestel as gevolg van die uitbreek van die Coronavirus in …

A Kambodja.
B Thailand.
C Viëtnam.
D Sjina.

1.1.5 ŉ Siekte, veroorsaak deur larwes wat die menslike liggaam binnegaan, wat vermy kan word deur uit potensieel besmette riviere te bly.

A Bilharzia
B Malaria
C Geelkoors
D MIV


1.1.6 Toeriste wat die iSimangaliso Vleilandpark Wêrelderfenisterrein besoek, kan die natuurlike skoonheid van … besigtig.

A moerasse en lang sandstrande
B klowe en valleie
C riviere en woestyne
D berge en watervalle

1.1.7 ŉ Dokument wat benodig word wanneer buitelandse valuta voor vertrek op ŉ oorsese vakansie gekoop word.

A Geldige vliegtuigkaartjie
B Gesondheidsertifikaat
C ID-dokument
D Doeane-verklaringsvorm

1.1.8 Hierdie ikoon is in … geleë.



A Turkye
B Meksiko
C Verenigde State van Amerika
D Jordanië

1.1.9 Die tyd en datum in Moskou, Rusland (+4) as dit 09:00 is op 1 Januarie in New York, VSA (-5).

A 18:00 op 1 Januarie
B 00:00 op 1 Januarie
C 00:00 op 2 Januarie
D 18:00 op 2 Januarie

1.1.10 … sal tot veiligheid by ŉ besienswaardigheid/attraksie bydra.

A Bewaring van natuurlike hulpbronne
B ŉ Amptelike webtuiste
C ŉ Krisisbestuursplan
D Gratis toegang vir reisjoernaliste

1.1.11 Die term wat gebruik word wanneer daar na daaglikse veranderinge in die waarde van geldeenhede verwys word:

A Bankaankoopkoers
B Bankverkoopkoers
C Wisselkoers
D Skommelings

1.1.12 Maatreëls wat deur ŉ toerismeonderneming geneem word om swak kliëntediens aan te spreek sal tot … lei.

A ŉ mededingende nadeel
B swak personeel moraal
C gereelde wisseling van werknemers
D verhoogde winsgewendheid

1.1.13 Die onderstaande beeld verteenwoordig die … pilaar van volhoubare toerisme.



A sosiale
B omgewings
C ekonomiese
D gemeenskaps

1.1.14 ŉ Onvoorsiene gebeurtenis wat grootskaalse verwoesting in Australië gedurende 2019 en 2020 veroorsaak het:

A Aardbewing
B Veldbrande
C Tsunami
D Vulkaniese uitbarsting

1.1.15 Personeellede van die Grand West casino in Kaapstad het tyd van hulle besige skedules geneem om herstelwerk en opknappings by die nabygeleë SOS kinderhuis te doen om die geboue ŉ bietjie beter te maak vir almal wat by die kinderhuis woon. Hierdie is ŉ voorbeeld van …

A korporatiewe maatskaplike belegging.
B universele toegang.
C verantwoordelike toerisme.
D Regverdige Handel Toerisme.

1.1.16 Word as Suid-Afrika se top Afrika landreismarkte beskou:

A Nigerië en Angola
B Mauritius en Swaziland
C Zimbabwe en Lesotho
D Botswana en Kenia

1.1.17 ŉ Reisiger wat ŉ tweede vlug op pad na sy/haar finale bestemming moet kry, word as … beskou terwyl hy/sy by die lughawe wag.

A in besit van ŉ visum
B gedeporteer
C in transito
D ŉ toeroperateur

1.1.18 Die prosedure wat gevolg word met die versameling van die 1% toerismeheffing:

A Hotelle en motorverhuringsmaatskappye betaal ŉ 1% toerismeheffing direk aan die TBRSA oor.
B Die TBRSA dra die 1% toerismeheffing wat versamel is oor aan TOMSA.
C TOMSA versamel die 1% toerismeheffing wat deur hotelle en motorverhuringsmaatskappye betaal is.
D SAToerisme (SATourism) ontvang die 1% toerismeheffing wat versamel is van TOMSA.

1.1.19 Narkotiese middels, vir persoonlike gebruik, word deur SARS as … beskou.


A verbode goedere
B onwettige goedere
C deel van die reistoelae
D beperkte goedere

1.1.20 Konstruksie, veral die ontwerp van die dak, maak hierdie argitektoniese meesterstuk ŉ welkome besienswaardigheid vir besoekers:

A Alcázar van Segovia
B Sydney Operahuis
C Buckinghampaleis
D Die Algarve (20 x 1) (20)

1.2 Kies die naam van ŉ wêreldikoon vanuit die gegewe lys wat die beste by die ligging op die wêreldkaart pas. Skryf slegs die naam van die wêreldikoon langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK.

| |
|---|
| Sphinx; Drywende markte; Berg Fuji; Groot Muur van Sjina; Berg Everest; Berlynse Muur; Toringbrug (Tower Bridge); Taj Mahal; Rooi Plein, |




(5 x 1) (5)

1.3 Kies die korrekte woord uit die woorde tussen hakies. Skryf slegs die korrekte woord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK.

1.3.1 ŉ Reisiger wat Sentraal-Afrika besoek kan teen (geelkoors/cholera) ingeënt word om besmetting te voorkom.

1.3.2 Internasionale reisigers behoort (hulle paspoorte in hulle inboek-bagasie te hou sodat dit veilig sal wees/afskrifte van hulle paspoorte in hulle inboek-bagasie te sit).

1.3.3 ŉ Toerisme bestemming wat omgewingsbewuste toeriste wil lok behoort op (www.info.gov.za/www.greenglobe.com) te bemark.

1.3.4 Argitekte wat ŉ omgewingsvriendelike hotel ontwerp behoort (groot vensters in die vertrekke in te sluit/lugversorging in die vertrekke in te sluit).

1.3.5 Die twee duurste items met die opstel van ŉ toerbegroting is (verblyf en maaltye/vervoer en verblyf).

(5 x 1) (5)

1.4 Kies ŉ woord/term uit KOLOM B wat die beste by die beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.4.6 H.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.4.1 | ŉ Transaksie wat oor ŉ gerekenariseerde netwerk plaasvind, of tussen rekeninge by dieselfde bank of na verskillende rekeninge by verskillende finansiële instellings | A | Indaba |
| 1.4.2 | ŉ Bemarkingsveldtog om Suid-Afrika en die Suider-Afrikastreek aan die wêreld bekend te stel | B | EFO |
| 1.4.3 | Die wêreld se grootste elektroniese betalingsboodskapstelsel wat deur banke gebruik word om betalingsinstruksies met mekaar te kommunikeer | C | ‘*Travel Wallet*’ |
| 1.4.4 | ŉ Tjek wat jy van ŉ bank kan koop om iemand te betaal wat nie bereid is om ŉ persoonlike tjek te aanvaar nie | D | Getawayskou |
| 1.4.5 | Die voorste verbruiker-, reis-, buitelewe- en avontuurskou in Suid-Afrika | E | ITB |
| | | F | SWIFT |
| | | G | Bankwissel |

(5 x 1) (5)

1.5 Koppel die internet-verwante reistoepassing in die beelde hieronder uitgebeeld met die gegewe funksies. Skryf slegs die vraagnommers (1.5.1–1.5.5) en die korrekte antwoord, byvoorbeeld 1.5.6 F.

| | |
|---|---|
| **A** Google™ Street View | **D** tripadvisor |
| **B** AA AARoadwatch.ie | **E** World Health Organization  |
| **C** travelstart Travel made Simple! | |

1.5.1 Gee aanwysings en inligting oor padwerke, interessante plekke en rusplekke op die gekose roete.

1.5.2 Gee die nuutste inligting oor vlugte, hul status en inboektye.

1.5.3 ŉ Slimfoon-toepassing wat die nuutste inligting oor wêreldwye siektes aan die gebruiker gee.

1.5.4 Bied ŉ virtuele toer van die bestemming aan.

1.5.5 Bied reisigers die geleentheid om resensies oor hotelle, restaurante en bestemmings te kry.


(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: 40**


## AFDELING B: KAARTWERK EN TOERBEPLANNING; BUITELANDSE VALUTAVERHANDELING

### VRAAG 2

2.1 Bestudeer die Wêreldtydsonekaart hieronder, lees die inligting oor die Rugbywêreldbeker 2019 in Japan en beantwoord die daaropvolgende vrae.



| England Rugby | RUGBY WORLD CUP™ JAPAN日本2019 | NEW ZEALAND RUGBY |
|---|---|---|




**Verenigde Koninkryk** **Japan** **Nieu-Seeland**

| **Engeland rugbyspan reisplan** | **Nieu-Seeland rugbyspan reisplan** |
|---|---|
| **Vertrek:** Heathrow Internasionale Lughawe (International Airport), Engeland<br>**Aankoms:** Narita Internasionale Lughawe (International Airport), Japan<br>**Vertrektyd:** 13:50<br>**Aankomstyd: ?**<br>**Vertrekdatum:** 8 September 2019<br>**Vlugtyd:** 11h40m | **Vertrek:** Auckland Internasionale Lughawe (International Airport), Nieu-Seeland<br>**Aankoms:** Narita Internasionale Lughawe (International Airport), Japan<br>**Vertrektyd: ?**<br>**Aankomstyd:** 16:50<br>**Aankomsdatum:** 9 September 2019<br>**Vlugtyd:** 11ure |

**Suid-Afrika Rugbywêreldbeker-kampioene 2019!**





2.1.1 In Suid-Afrika het baie rugbyliefhebbers die Rugbywêreldbeker-finaal op 2 November in Yokohama, Japan gekyk. Die begintyd van hierdie wedstryd was 18:00 (Japan plaaslike tyd).

Bereken hoe laat rugbyliefhebbers in Suid-Afrika hul televisiestelle moes aanskakel om die rugbywedstryd te kyk.

Toon ALLE berekeninge. (3)

2.1.2 Bereken die aankomstyd en datum van die Engeland rugbyspan op Narita Internasionale Lughawe (International Airport) in Tokio, Japan.

Onthou dat Engeland nie Dagligbesparingstyd ten tye van die vlug op die reisplan beoefen het nie.

Toon ALLE berekeninge. (6)

2.1.3 Bereken die vertrektyd en datum van die Nieu-Seeland rugbyspan van Auckland Internasionale Lughawe (International Airport), Nieu-Seeland.

Onthou dat Nieu-Seeland Dagligbesparingstyd ten tye van die vlug op die reisplan beoefen het.

Toon ALLE berekeninge. (6)

2.1.4 Oorweeg die gegewe reisverwante inligting met die beantwoording van die volgende vrae.

(a) Identifiseer EEN reisverwante toestand waaraan die Engeland rugbyspan en hulle bestuurslede moontlik met hulle aankoms in Japan kan ly. (1)

(b) Gee EEN oorsaak van die reisverwante toestand in VRAAG 2.1.4 (a) geïdentifiseer. (2)

(c) Stel EEN voorkomende maatreël voor wat die bestuurslede van die Engeland rugbyspan kon neem om die effek van die reisverwante toestand in VRAAG 2.1.4 (a) geïdentifiseer te beperk. (2)

2.1.5 Identifiseer EEN dokument wat die Suid-Afrikaanse rugbyspan moes toon met hulle aansoek vir ŉ visum om Japan binne te gaan. (2)

2.1.6 In ŉ kort paragraaf, verduidelik aan reisigers wat Suid-Afrika binnekom wat hulle by doeanebeheer kan verwag. (3 x 2) (6)

Kopiereg voorgehou 

2.2 Gebruik die inligting en beelde om die volgende vrae te beantwoord.



Die Toerisme Graderingsraad van Suid-Afrika (TGRSA) het onlangs ŉ vennootskap met Waze, die grootste gemeenskapsgebaseerde vervoer- en navigasietoepassing, (toep (app) wat ontwikkel is om reisigers te help om hul rigting te vind) gesluit, om aanwysings vir reisigers na alle toerisme gegradeerde ondernemings te gee.

Stel jou voor jy bestuur deur verkeer op pad na ŉ bestemming terwyl jy na die beste roete soek. Waze laat ondernemings, of dit ŉ hotel, bed & ontbyt of konferensiebestemming is, op die gebruiker se kaart op hulle selfoon of tablet verskyn om hulle in die regte rigting te stuur. 'Deur van Waze gebruik te maak spaar reisigers tyd op die pad, geld op brandstof en uitlating van gas in die omgewing.'

Deur gebruik te maak van nuwe tegnologie soos Waze, is ŉ wonderlike geleentheid om TGRSA se benadering oor die gebruik van moderne tegnologie uit te lig en hoe dit ondernemings kan help om herken te word op ŉ toestel in die palm van die persoon se hand.

[Bron: www.southafrica.net]

2.2.1 Gee EEN vereiste vir ŉ reisiger wat die Waze-toepassing wil gebruik. (2)



2.2.2 Lei EEN voordeel vir die TGRSA af wanneer reisigers die Waze-toepassing gebruik. (2)

2.2.3 Stel EEN manier voor hoe die Waze-toepassing reisigers met toerbeplanning kan help. (2)

**[34]**

## VRAAG 3

Gebruik die inligting oor buitelandse valuta om die vrae te beantwoord.

| | **A** | **B** | **C** |
|---|---|---|---|
| |  |  |  |
| | **GBP** | **EUR** | **VSD** |
| BVK | 18,78 | 15,99 | 14,22 |
| BAK | 18,07 | 15,41 | 13,89 |

3.1 Mnr. Dlamini, ŉ besigheidsman van King William's Town, Oos-Kaap gaan op ŉ besigheidsreis na Parys, Frankryk. Hy het R22 500,00 om voor sy vertrek te wissel.

Bereken hoeveel buitelandse valuta hy sal ontvang.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
Toon ALLE stappe van jou berekening. (3)

3.2 Mnr. en Mev. Felix van Port Elizabeth, Oos-Kaap gaan hulle kinders in New York, Verenigde State van Amerika besoek. Hulle wil R37 800,00 wissel voordat hulle Suid-Afrika verlaat.

Bereken hoeveel buitelandse valuta hulle sal ontvang.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
Toon ALLE stappe van jou berekening. (3)


3.3 Thando en Johnathan van Oos-Londen, Oos-Kaap is vriende wat op ŉ toer na die Verenigde Koninkryk was. Met hulle terugkeer het hulle £17 om vir Suid-Afrikaanse rand te wissel.

Bereken hoeveel rand hulle sal ontvang.

**LET WEL:** Rond jou antwoord tot TWEE desimale plekke af.
Toon ALLE stappe van jou berekening. (3)

3.4 Bestudeer die beeld en beantwoord die vrae.

**RAND SE WAARDE NEEM AF**




3.4.1 Gee die betekenis van die afkorting, 'BBP'. (1)

3.4.2 Verduidelik die verhouding, soos deur die legkaartstukke uitgebeeld, tussen die BBP van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse ekonomie. (2)

3.4.3 Bespreek die effek van die vermindering van die waarde van die rand op internasionale inkomende toerisme, soos hierbo uitgebeeld. (2 x 2) (4)

**[16]**


**TOTAAL AFDELING B: 50**

**AFDELING C: TOERISME ATTRAKSIES; KULTUUR- EN ERFENISTOERISME; BEMARKING**

**VRAAG 4**

4.1 Bestudeer die beelde van wêreldikone en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**WÊRELDIKONE**




4.1.1 Gee die name van die ikone genommer **C**, **D** en **E**. (3 x 1) (3)

4.1.2 Noem die stad waar die ikoon genommer **F** geleë is. (1)

4.1.3




Mnr. Kammies van Kaapstad wil ŉ Islamitiese godsdienstige pelgrimstog onderneem.

(a) Gee die naam van die ikoon wat die beste by sy profiel pas. (2)

(b) Noem die land waarna hy sal moet reis ten einde sy pelgrimstog uit te voer. (1)

(c) Noem die Islamitiese godsdienstige pelgrimstog wat hy sal uitvoer met sy besoek aan die ikoon. (2)

4.2 Bestudeer die inligting oor Machu Picchu en beantwoord die daaropvolgende vrae.




4.2.1 Noem die land waar Machu Picchu geleë is. (1)

4.2.2 Verduidelik EEN rede vir die bekendstelling van nuwe reëls vir 2020 deur na die ikoon se besoekersgetalle te verwys. (2)

4.2.3 Identifiseer TWEE items wat verbied is ten einde die vloei van besoekers op die terrein te verbeter. (2 x 2) (4)

4.2.4

| |
|---|
| Machu Picchu is een van die wêreld se mees ikoniese argeologiese terreine. Daar is egter groot kommer oor die impak van toerisme op die bewaring van Machu Picchu. |

Skryf 'n paragraaf waarin jy VIER maniere bespreek hoe die nuwe reëls die impak van besoekers op die terrein sal beperk (verminder). (4 x 2) (8)

**[24]**

**VRAAG 5**

Bestudeer die inligting oor Wêrelderfenisterreine in Suid-Afrika en beantwoord die daaropvolgende vrae.

| **WÊRELDERFENISTERREIN A** | **WÊRELDERFENISTERREIN B** |
|---|---|
|  |  |

5.1 Identifiseer die Wêrelderfenisterreine, opgeskryf as kulturele landskappe op die UNESCO Wêrelderfenislys, genommer **A** en **B.** (2 x 2) (4)

5.2 Die Wêrelderfenisterreine genommer **A** en **B** het beide die vereistes van UNESCO se kriteria (v) nagekom.

> **UNESCO KRITERIA (v):**
> "Om ŉ uitstekende voorbeeld te wees van ŉ tradisionele menslike nedersetting, landgebruik of seegebruik wat verteenwoordigend is van ŉ kultuur (of kulture), of menslike interaksie met die omgewing, veral wanneer dit kwesbaar geword het onder die impak van onomkeerbare verandering."

5.2.1 Identifiseer die natuurlike verskynsel wat tot die verval van die kulturele vestiging in die Wêrelderfenisterrein genommer **A** gelei het. (2)

5.2.2 Verwys na die Wêrelderfenisterrein genommer **B**:

Verduidelik TWEE metodes wat die San-mense gebruik om skaars hulpbronne in ŉ uiters vyandige omgewing te ontgin soos deur hulle voorvaders oor ŉ tydperk van duisende jare beoefen. (2 x 2) (4)

5.3

> UNESCO beskou die toekenning van ŉ lisensie vir mynbou 5 km van die grens van die Wêrelderfenisterrein genommer **A** as ŉ bedreiging. Planne om die myn van steenkool te hervat is opgeskort en dit is onseker wanneer mynbou weer ŉ aanvang sal neem.

Stel EEN negatiewe impak van mynbou op die toekoms van die terrein voor. (2)

**[12]**

## VRAAG 6

Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die daaropvolgende vrae.




SOUTH AFRICAN AIRWAYS
A STAR ALLIANCE MEMBER

MWTours

*Famil: 'n Gratis of laekoste reis aangebied vir reisagente of konsultante deur 'n groothandelaar of lugdiens as 'n manier om aan hulle moontlike dienste bekend te stel.

**Aandag alle Australiaanse en Nieu-Seeland reiskonsultante …**

Dit is nuut, dit is pret en jy kan 1 van 6 plekke op 'n famil na Suid-Afrika in 2020 wen.

**Laai Suid-Afrikaanse Toerisme se opleidingstoepassing nou af:**

Download on the App Store | GET IT ON Google Play

Hoe meer jy die speletjie speel en suksesvol elke opleidingsvlak voltooi, hoe meer sterre sal jy verdien. Elke ster verdien gee jou een toegangskaartjie vir ons kompetisie. Hoe meer sterre jy verdien, hoe groter die kans dat jy na Suid-Afrika kan vlieg.

Wenners sal 'n 7-nag famil na Suid-Afrika geniet, insluitend retoer ekonomieseklas vlugte van South African Airways en 4 tot 5 ster verblyf ingesluit 'n luukse wildreservaat-ervaring, die meeste maaltye en aktiwiteite geborg deur Australië se opkomende Afrika-groothandelaar, MW Tours.

Kompetisie sluit 10 Januarie 2020. Beste wense!

[Verwerk uit www.southafrica.net]

6.1 Identifiseer die bemarkingsplatform deur SAToerisme gekies om Australiaanse en Nieu-Seeland reisagente in hul opleidingspeletjie-kompetisie in te sluit. (2)

6.2 Verduidelik hoe die SAToerisme bemarkingsveldtog tot 'n toename in Australiaanse en Nieu-Seeland besoekers na Suid-Afrika kan lei. (3 x 2) (6)

6.3 Bepaal die TWEE kernfunksies van SAToerisme wat deur hierdie bemarkingsveldtog bereik is. (2 x 2) (4)

6.4 Bespreek hoe SAToerisme hul handelsmerk geïnkorporeer het om die bemarkingsveldtog te versterk. (2)

**[14]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

## AFDELING D: VOLHOUBARE EN VERANTWOORDELIKE TOERISME

### VRAAG 7


7.1 Bestudeer die onderstaande uittreksel en beantwoord die daaropvolgende vrae.

**tourvest**
integrated tourism group

Tourvest is Suider-Afrika se voorste geïntegreerde (verenigde) toerismegroep wat verskeie besighede bedryf van reisbestuurmaatskappye, hotelle, herberge en restaurante tot handewerk-, aandenking- en juwelierswarewinkels en buitelandse valuta handelaars.

Tourvest se maatskaplike verantwoordelikheidsprogramme ondersteun volhoubare maatskaplike ontwikkeling deur gemeenskapsontwikkelingsprogramme.

Die onderstaande is begunstigdes van Tourvest en hul onderskeie afdelings se KMB-beleid:




7.1.1 Identifiseer die begunstigde deur die bypassende letter, genommer **A**, **B**, **C** of **D,** te gee wat bewys dat Tourvest die onderstaande pilare van volhoubare toerisme ondersteun:

(a) Omgewing (2)

(b) Sosiaal (2)

(c) Ekonomies (2)

7.1.2 Stel EEN manier voor hoe Afrika Tikkun se Beroepsgereedheidsprogram aan leerders ’n blinker toekoms kan bied. (2)

7.2 Bestudeer die brosjure en beantwoord die daaropvolgende vrae.

!Khwa ttu
SAN SPIRIT SHARED

**!Khwa ttu: As ŉ unieke reisbestemming en opleidingsentrum, by !Khwa ttu kombineer ons kultuur en erfenis, avontuur en ontspanning, asook opvoeding en daardeur gee ons ŉ nuwe verstandhouding aan die frase, 'San Gees Gedeel'.**

***SAN GEES GEDEEL**



By ||Kabbo Akademie, by !Khwa ttu gebaseer, ontwikkel ons vaardighede om die plaaslike San voor te berei vir indiensneming, om hulle die vermoë te gee om hul gesinne te onderhou. Deur ons Toerisme Opleidingsprogram word werklose jong San geleer hoe om natuur- en kultuurgidse te wees en vaardighede te ontwikkel met die doel om in diens geneem te word in die gasvryheidsbedryf. Hierdie program ontwikkel vaardighede wat die San help om die werkplek te betree.



By !Khwa ttu is ons verbind tot die bewaring van biodiversiteit en die aanmoediging van ŉ volhoubare omgewing. Deur ons natuurprojek laat !Khwa ttu die grond toe om van boerdery te herstel en verwyder indringerplante. Inheemse wild word weer ingebring. Water- en energiebesparingsmaatreëls is ingestel.



Op 24 September 2018 het ons ons wêreldklas !Khwa ttu San Erfenissentrum geloods. Die sentrum is toegewy aan die geskiedenis, lewens, uitdagings en suksesse van alle San groepe in Suider-Afrika. Hierdie is die enigste Erfenissentrum in die wêreld wat aan die San toegewy is en die San kultuur en gelowe demonstreer. San kunstenaars en vakmanne maak en verkoop hulle produkte by die sentrum. Ons neem regverdige handelsbeginsels in ag in ons onderhandelinge met hierdie kunstenaars en vakmanne in ag.




Ons unieke, San-Begeleide eBike toer na ŉ San kulturele dorp word deur mense van die plaaslike gemeenskap gelei en gee ŉ begrip van die tradisionele leefstyl van die San, hul kultuur, erfenis en antieke oorlewingsvaardighede.

7.2.1 Identifiseer TWEE aktiwiteite wat besoekers aan !Khwa ttu tydens hulle besoek kan geniet. (2 x 2) (4)

7.2.2 Lys TWEE Regverdige Handelsbeginsels wat die bestuur van !Khwa ttu kan volg in hulle onderhandelinge met San-kunstenaars en vakmanne. (2 x 2) (4)

7.2.3 Bespreek DRIE maniere waarby die San mense by !Khwa ttu betrokke ŉ inkomste kan verdien om hul lewenskwaliteit te verbeter. (3 x 2) (6)

7.2.4 Stel TWEE strategieë (planne) voor wat die bestuur van !Khwa ttu kan implementeer om:

(a) Water en energie te bespaar (2 x 2) (4)

(b) Omgewingsbewuste toeriste na die bestemming te lok (2 x 2) (4)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING D: 30**

## AFDELING E: PLAASLIKE-, STREEKS- EN INTERNASIONALE TOERISME; KOMMUNIKASIE EN KLIËNTEDIENS

### VRAAG 8

8.1 Bestudeer die uittreksel en beelde hieronder en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Hong Kong is bekend as ŉ inkopie-paradys. Daar is egter so veel meer aan Hong Kong as inkopies doen. Besoekers kan uitsigte van die stad vanuit die hoogtes geniet, plaaslike kossoorte proe, fees vier en sportkompetisies kyk. Hong Kong is ook ŉ middelpunt van handeldryf, lugreis, finansies, konferensies, uitstallings en handelskoue.

Sedert Junie 2019 het anti-regering protesaksie Hong Kong vir maande geteister en die situasie blyk nie vinnig op te klaar nie.




**Nuusflits**

- **Hong Kong maak reg vir meer chaos met geweld wat oor die stad versprei**
- **Hotelle in Hong Kong ervaar kansellasies en 'n afname in besprekings**
- **Hotelkamer tariewe in Hong Kong daal met 40%**


Flightradar24
@flightradar24
Volg

Meer as 100 vlugte is Maandagoggend (Aug 5, 2019) by **#HongKong** Internasionale Lughawe gekanselleer (**#HKIA**) terwyl **#betogers** vervoerdienste in die stad ontwrig het ✈✕





[Verwerk uit twitter.com]

8.1.1 Klassifiseer die voorbeeld van ŉ politieke situasie in die uittreksel hierbo. (2)

8.1.2 Bespreek VIER nagevolge van die politieke situasie wat tot die koerantopskrif: *'Hotelle in Hong Kong ervaar kansellasies en ŉ afname in besprekings',* gelei het. (4 x 2) (8)

8.1.3 Stel EEN ander maatreël voor, behalwe vir vermindering in hotelkamer-tariewe, wat die Hong Kong hotelbedryf kan instel om die negatiewe impak van die politieke situasie te oorkom. (2)

8.2 Bestudeer die statistiek hieronder en beantwoord die vrae wat daarop volg.




| | Asië | Australasië | Sentraal- en Suid-Amerika | Europa | Midde-Ooste | Noord-Amerika |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vakansie | 27.7% | 52.7% | 55.7% | 58.3% | 41.9% | 56.6% |
| Inkopies | 0.2% | 0.0% | 0.0% | 0.0% | 0.0% | 0.1% |
| Besigheid | 36.1% | 11.0% | 18.0% | 17.4% | 16.7% | 14.3% |
| BFV | 27.7% | 28.3% | 7.2% | 15.2% | 34.1% | 16.4% |
| Godsdiens | 0.3% | 1.0% | 0.7% | 0.4% | 0.0% | 1.4% |
| Medies | 0.1% | 0.2% | 0.0% | 0.4% | 0.1% | 0.2% |
| Ander | 7.9% | 6.8% | 18.3% | 8.3% | 7.2% | 11.0% |

[Bron: SA Tourism Performance Report: January–December 2018, 2019]

8.2.1 Identifiseer die streke wat getoon het dat meer as die helfte van die toeriste se hoofrede vir hul besoek aan Suid-Afrika vakansie was. (4 x 1) (4)


8.2.2 Bespreek EEN faktor (rede) wat bygedra het tot die Asië-streek, veral Sjina, se verbeterde prestasie in terme van besigheidsreise na Suid-Afrika in 2018. (2)

8.2.3 Verduidelik die waarde van statistiek vir die toerismebedryf. (2)

**[20]**

## VRAAG 9

Bestudeer die vloeidiagram oor kliënteterugvoer en beantwoord die vrae.




9.1 Identifiseer die metode deur ABC-hotel gebruik om terugvoer van hul gaste te kry. (2)

9.2 Beskryf die hoof kliënteklagte oor swak dienslewering, deur die bestuur van ABC-hotel geïdentifiseer, na afloop van 'n analise van die terugvoerdata. (2)

9.3 Stel DRIE strategieë voor wat die bestuur van ABC-hotel kan inbring om die terugvoer van hul gaste aan te spreek. (3 x 2) (6)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING E: 30**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorgehou